

Publication: BeeldMetroNoord (Main)
Publication Date: 06 Jun 2018
Page: 8

AVE: 23544.10
Circulation: 45000
Part: 1 of 1

# Tuks of Naka Bulle vir die Carlton

**Morris Gilbert**

Naka Bulle kan met 'n oorwinning Saterdag teen Quins-Bobbies in Groenkloof seker maak dat hy op 21 Julie teen UP-Tuks in die 2018-eindstryd van die Blou Bulle se Carltonbeker-reeks speel.

Hoewel daar vanweë die Ligblou-klubs se betrokkenheid by die tussen-provinsiale Superliga geen amptelike Carltonbeker-halfeindronde of -eindstryd is nie, is dit reeds 'n uitgemaakte saak dat dat QBR as kampioen onttroon is en óf UP-Tuks óf Naka Bulle die nuwe titelhouer sal word.

UP-Tuks is reeds seker van sy plek in die "eindstryd", maar om in die kampioenskapswedloop te bly, moet Naka eers met QBR afreken. In die ooreenstemmende wedstryd in die eerste ronde het Naka oortuigend gewen en QBR kan 'n nog hewiger aanslag verwag omdat daar so baie vir die Mooters op die spel is. Aan die ander kant sal dit vir QBR eerder om die herwinning van verlore aansien gaan, want hy is laaste op die puntelys.

Die feit dat QBR soveel minder het om te verloor, maak dié span gevaarlik onvoorspelbaar.

Impala, wat die naweek 'n loslootjie het, het die afgelope Saterdag so byna 'n eersterangse verrassing teen UP-Tuks gelewer. Die tuisspan moes uiteindelik bloed sweet om met 28-22 te wen en kon die eerste keer dié seisoen nie 'n bonuspunt vir vier of meer drieë losspeel nie.

Wat baie in UP-Tuks se guns tel, is dat die afrigters en spelers nie vir kliniese nabetragting terugdeins nie.

En die pasaangeërs in die 2018-reeks sal vandeesweek antwoorde moet kry vir die raaiselagtige insinking in sy spelpeil, eers teen QBR en toe teen veral Impala toe UP-Tuks glad nie skerp en afgerond voorgekom het nie. In die wegwedstryd teen Springs Vrydagaand sal UP-Tuks weer die ritme en dringendheid moet terugkry wat van hulle die enigste onoorwonne Superliga-deelnemers gemaak het.

In die Moot het Naka leeukos van die Valke-vlagskip, East Rand United gemaak. Naka het altesame tien drieë in sy sege met 71-28 gedruk en nogmaals sy status as 'n Superliga-kragreus beklemtoon.

Op sy tuisveld het Springs sy eerste sege oor 'n Blou Bul-teenstander behaal toe hy Centurion met 31-27 geklop het. Dit is presies die motiveringsinspuiting wat Springs nodig gehad het vir sy herontmoeting met UP-Tuks.

Aan Centurion se seisoen van uiterstes is daar klaarblyklik geen einde nie, maar Saterdag kan hy weer terug op die wenpad kom in die tuiswedstryd teen ERU.

■ Ander uitslae, soos verskaf deur Johanna de Vos:

Tweede liga: Tuks-Fezelas 49, Impala 22; Naka Bulle 33, TUT I 14.

Derde liga: Tuks-Pumas 52, Impala 12; Naka Bulle 52, TUT II 19.

■ Die eerste eindstryde in die Blou Bulle se Carltonbeker A-liga vind môreaand op Loftus Versfeld B plaas wanneer die o.20- en o.21-kampioen gekroon word. In albei gevalle is dit Naka teen Tuks.

■ Die bepalings vir die jaarlikse USSA-kampioenskapstoernooi is gister bekendgemaak.

Dit vind van 2 tot 6 Julie by Wits plaas. UP-Tuks, wat verlede jaar sewende geëindig het, speel in hul eerste wedstryd teen die Pukke. NWU is tweede gekeur vir die 2018-toernooi.




**Brian Leitch, slot van UP-Tuks, beur vorentoe in die wedstryd teen Impala.** Foto: JOHANNA DE VOS

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.